
# BOOK REVIEWS / BOEKBESPREKINGS




**PANTSER IN AKSIE : 1SDB 1933-1993**
Leo Barnard
1993
Bloemfontein : 1SDB
pp 220
Geïllustreer
ISBN 0-9583757-3-9
R60-00

Leo Barnard, professor in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het 'n lewendige belangstelling in die SA Weermag en het al verskeie boeke en artikels met 'n militêre strekking, die lig laat sien. *Pantser in Aksie* is die eerste eenheidsgeskiedenis wat uit sy pen verskyn het.

Regiments-/eenheidsgeskiedenis is 'n gewilde vertakking van die militêre geskiedenis. Leo Barnard se jongste werk is ook nie die eerste publikasie oor 1SDB se geskiedenis nie. Reeds in die vroeë sewentigejare het kmdt W. Otto sy Magister-verhandeling oor die SDB geskryf. Dié studiestuk is bygewerk en is in 1973 onder die titel *Die Spesiale Diensbataljon (1933-1973)* deur die Sentrale Dokumentasiediens van die SA Weermag uitgegee. Die Spesiale Diensbataljon het gedurende die daaropvolgende twee dekades sy plek volgestaan as diensplig- en opleidingsregiment en terselfdertyd sy operasionele verpligtinge in die sg Grensoorlog nagekom. Die naderende 60ste herdenking van die eenheid se bestaan het as spoorslag gedien om ook hiérdie geskiedenis te boek te stel.

Prof Barnard handhaaf 'n goeie balans tussen die verskillende fasette van die eenheid in sy samestelling van die boek. Nadat die leser in die eerste hoofstuk met die ontstaan en vroeë geskiedenis van die eenheid bekend gestel word, word die volgende vier hoofstukke aan sy deelname aan die oorlog in die noorde van Suidwes-

Afrika en in Angola, gewy. Prof Barnard beskryf kortliks die uitsonderlike bydrae wat die eenheid se lede gedurende die 20 jaar lange konflik gelewer het. Hy vermy die slaggat waarin die skrywer van 'n eenheidsgeskiedenis so maklik trap, nl om die eenheid te mitologiseer. (In so 'n onewewigtige geskiedenis word slegs die eenheid se hoogtepunte, welslae en seges weergegee en glad nie ook sy teleurstellings, terugslae en foute nie.) Die skrywer gee 'n feitelike maar deernisvolle beskrywing van die eenheid se verliese aan die grens. Die velerlei fasette van die grenslewe word ook geskets : die lang en vermoeiende treinreise tussen Bloemfontein en die noorde van Suidwes-Afrika, die verlange na geliefdes tuis, die opgewondenheid oor pos van die huis af, die verveeldheid én die vrees wat deel is van 'n uitgerekte, lae intensiteit oorlog. Hierdie ervarings was natuurlik nie eksklusief dié van 1SDB nie en daarom kan vele ander soldatelesers hulle daarmee vereenselwig.

organisatoriese veranderinge ondergaan het om te kan voldoen aan die eise wat aan hom gestel is asook die effek van die gewysigde rol van die SA Weermag na die onttrekking uit Suidwes-Afrika in 1989.

Die skrywer het nie die tradisies en seremonies van 1SDB afgeskeep nie - tereg so aangesien dit van die vernaamste faktore is wat trots en esprit d'corps in 'n eenheid bou. Die aard en herkoms van die regimentsvaandel, eenheidskentekens en gedenkmuur is alles sleutelelemente hierin. Baie lesers sal ook vir die eerste keer in hierdie boek met 'n "stalparade" kennis maak. 'n Integrale deel van 'n pantsereenheid is sy gevegsvoertuie en wapenstelsels en derhalwe figureer hulle in 'n afsonderlike hoofstuk. Dit val op dat pantserlede 'n besondere geneentheid vir hulle uitrusting koester.

Prof Barnard volg 'n holistiese benadering in *Pantser in Aksie* en 1SDB se verbintenis met die nie-militêre ge-



*'n Ferret verkenningskar tydens opleiding.*

1SDB se opersionele deelname word welsiwaar as 'n belangrike fase in sy geskiedenis aangedui maar dit oorheers nie die boek nie en word ook nie losstaande van die eenheid se ander, ewe belangrike bedrywighede gedurende hierdie tydperk, aangebied nie. Prof Barnard beskryf hoe opleiding, taktiese oefeninge, ouerdae, bou-programme, ens in die afwesigheid van talle van 1SDB se lede, normaalweg voortgegaan het. Hy dui ook aan hoe die eenheid noodwendig sekere

meenskap in Bloemfontein is ook opgeteken. Die toekenning van die vryheid van die stad, parades en vaandelvertonings asook die inwyding van die Ou Presidensie, is enkele voorbeelde van hierdie noue verbintenis. 1SDB se diens aan die gemeenskap, bv die beskerming van sleutelpunte en hulpverlening gedurende natuurrampe, word ook beskryf.

Die hoofstukke oor die rol van sport, die plaaslike Leërdamesvereniging en

151 Bataljon, staaltjies en ook die bylaes met nuttige gegewens, voltooi die blik op 1SDB.

*Pantser in Aksie* is 'n aangename leeservaring vir die Weermaglid sowel as iemand wat buite die militêre sfeer staan. Die skrywer werk suinig en oordeelkundig met die militêre terminologie sodat die leser nie voel dat hy deur die taal uitgesluit word nie. Dieselfde leser word eweneens gemaklik in die soms vreemde militêre milieu tuisgemaak.'

*L. Jooste, Dokumentasiediens SAW, Privaatsak X289, Pretoria 0001.*

## UNDER FIRE - AN AMERICAN STORY

Oliver L. North with William Novak
1991
Harper Collins, Zondervan USA
446 pages
Illustrated
R 109 (Hardcover)
ISBN 0060183349

*Under Fire* is the official autobiography of Oliver North and is available in both hardcover and paperback editions. Although the former is of a considerably better quality and contains more photographs, the softcover is naturally less expensive and contains an extra chapter. From the first page, *Under Fire*, is a compelling read and remains so throughout, despite the substantial detail which does not lend itself to enhancing one's ability to understand the complex workings of the United States Federal Government. Rather than concentrating solely on the Iran-Contra scandal, *Under Fire* seeks to be much more and might better be described as a personalised history of Middle America. Although the book opens with the scandal and how news of it was broken to the world in November 1986, it soon rearranges itself into a chronological pattern and reverts to the days of Oliver North's childhood in upstate New York.

Set in what remains one of the happier and more prosperous periods of American history, tales from North's school days provide for animated and amusing reading. The writer has a dry sense of humour which can be very appealing. The impression is conveyed that the North family members saw themselves as thorough-going patriots, which coloured young Ollie's outlook to some extent. For instance, he describes the Second World War as "the war that America won for the world", which is an utter perversion of the truth. Those who are interested in military matters will find the chapters on North's days at Annapolis and his early career as a marine infantry officer both absorbing and informative. His account of the Vietnam War is particularly refreshing, primarily because the motivations and viewpoints offered differ from what is politically acceptable. Written from the point of view of a soldier who believed implicitly in his country's need to be involved in Vietnam, it conveys the overwhelming sense of isolation felt by servicemen at that time. This is in stark contrast to the customary Vietnam reports of young men whose adverse war experiences apparently drove them to seek solace in the hippie movement.

After the war, Oliver North continued to serve in the Marine Corps as a training officer, instructing young marines on the finer points of ground combat. During this time he made tours of duty in Europe and Japan, and also served at various bases in the United States. In 1982, North was posted to the National Security Council in Washington D.C., where he was promoted to lieutenant colonel. At the NSC he became involved in foreign policy enterprises dealing with the Middle East and South America, which eventually erupted into the Iran-Contra-Gate scandal.

Few people have an in depth understanding of Iran-Contra, mainly due to the poor media reporting on the affair, which tended to become sidetracked with issues such as the sales statistics of Ollie North dolls or the size of the gap between the same person's front teeth. Iran-Contra actually covers two different secret operations that were carried out by the Reagan administration in the middle 1980's. The first phase was an attempt to develop an opening to the revolutionary government of Iran, which would hopefully